AANGEVUUR

Die getuienisvlam in La Rochelle gemeente brand deur die werking van die Heilige Gees. Die volgende is terugvoer oor hoe en waar die vlam vanuit ons gemeente hoog brand.

Calitzdorp-Uitreik

Ons gemeente was nog altyd vuur en vlam om die gemeenskap van Calitzdorp te besoek en te ondersteun. Vanjaar is geen uitsondering nie.

Calitzdorp is eintlik al lankal nie meer vir ons ’n uitreik nie, maar eerder ’n inreik. Met die jarelange verhouding wat ons met hierdie gemeenskap gebou het, is hulle al deel van ons geloofsfamilie. Wanneer ons Calitzdorp besoek reik ons nie net uit nie, maar ook in (in na onsself) en word ons deur die mense van Calitzdorp ook geïnspireer sodat ons geestelike vlamme hoog kan brand.

Hoe is ons lig in die gemeenskap? ’n Groep van 50 jongmense van La Rochelle, Stellenberg en Onrus gemeentes neem aan hierdie uitreik deel. Die tieners word toegerus om met mense te gesels en te kuier. Ons besoek verskillende geloofsgemeenskappe tydens ons kuier op die dorp. Ons gaan kuier by hulle ouetehuis en ons gee elke dag vir die gemeenskap sop.

Jy kan op die volgende maniere help sodat ons vlam hoog brand:

- Ons benodig **gevriesde sop** – dit kan voor 24 Junie by die kerkkantoor afgegee word;
- **Klere** – veral **skoene** – dit kan voor 24 Junie by die kerkkantoor afgegee word;
- **Finansies**: Die groep van 13 tieners en volwassenes benodig nog finansies. Kontak asb. vir ds. Jana as jy hiermee kan help;
- En **gebed** – bid asb. vir die uitreik.

Atlete vir Christus Uitreik 2022

Atlete vir Christus is ’n groep van 25 studente verbonde aan Kruiskerk studentegemeente op Stellenbosch wat jaarliks draf, sing en getuig vir Christus. Hulle hooffokus is om fondse in te samel vir die evangelisasiewerk wat Bybelmedia in Suid-Afrikaanse gevangenisse doen. Die span bestaan uit 10 atlete, ’n sanggroep, persoonlike werkers en ’n toerpa (Geestelikeleier). Elke lid vervul ’n unieke daaglikse taak op ’n tipiese toerdag, waartydens die atlete die afstand tussen die betrokke dorpe op ’n aflosbasis aflê en die sangspan saans optree. Daar word daagliks Bybelstudie gedoen. Ouetehuise, skole en gevangenisse word ook besoek. Saans is daar ’n bedieningsgeleentheid by die gasheergemeente waar die sangsspan optree, die toerpa ’n boodskap bring en atlete getuienis lewer.

Vanjaar se uitreik vind vanaf 24 Junie tot 13 Julie plaas vanaf Kimberley, deur ’n deel van die Vrystaat en Karoo tot in Lambertsbaai. ’n Afstand van net oor die

2000 km gaan afgelê word. Ds. Wouter en Nico Olivier van ons gemeente gaan vanjaar op hierdie uitreik. Dit is vir hulle 'n voorreg om op die manier letterlik die hande en voete van La Rochelle te verteenwoordig. Jy kan hulle hande en voete sterk deur op die volgende maniere betrokke te wees:

- **Gebed** - Kontak ds. Wouter op 083 222 6018 as jy deel van die gebedspan (Whatsapp groep) wil wees wat vir die uitreik bid of plaas jou naam op die lys in die saal.
- **Fisiese behoeftes** - Dit sal baie waardeer word indien jy oortuig voel om van die volgende items vir die uitreik te skenk: Ontbytpap, beskuit en koekies, energie drankie konsentraat, energie stafies en "snacks", shampoo, en noodhulptassie met basiese mediese benodighede. Alle items kan voor 23 Junie by die kerkkantoor afgegee word.

Baie dankie vir jou oorweging om ons hande en voete te sterk.

Missie Japan

Beste La Rochelle gemeente,

Verwondering. As dit verdwyn is die lewe - en ook ons geloofslewe voor God - kleurloos en krimpend. Die afgelope tyd word ek pal daaraan herinner deur ervaringe en boodskappe wat my pad kruis. Die goue draad deur alles: wees oop vir die verrassende werk van die Gees!

Pinkster het ons opnuut daaraan herinner ... of jy nou naby aan 80 trek (en soos Moses verras word by die brandende bos), of skaars 'n tiener geword het (soos Samuel in die tempel) ... bly oop en verwonderd oor God se roeping in jou lewe en sy onstuitbare genade in klein en groot gebeure.

Daarom hierdie kort nuusflits - wat eerder die foto's self die stories laat vertel - van waarmee ons besig was die afgelope paar weke. Besoek La Rochelle se webtuiste om die fotos te beleef, (www.nglarochelle.co.za/bedieninge/ Getuienisbediening – Missie Japan Nuusbrief Junie 2022). As jy onlangs van ons nuus gemis het, besoek gerus ons blog by www.missiejapan.co.za.

Ons bly afhanklik van jou gebede en ondersteuning. Baie dankie dat ons daarop kan reken!

Vrede en seën, Stéphan, Carina, Annlie (14), Cornelius (12), Lodewyk (10) en Stephan (8).

OEKRAïNE

Luister na volledige terugvoer met foto's op ons gemeente se webtuiste wat Joseph oor die situasie in Oekraïne, hulle bediening en hoe dit met hulle gaan, gestuur het. Besoek gerus www.nglarochelle.co.za/bedieninge/

Matt 5:14 Julle is die lig vir die wêreld.